Smit, J
Noordwes Universiteit (Potchefstroom-kampus)

# Kerkregtelike perspektiewe op die "intensie van die partye" met die beroeping en bevestiging van predikante

**ABSTRACT**

**Church polity perspectives on the "intention of the parties" with the calling and ordination of ministers**

According to South African courts the main question to be asked for an evaluation of the relationship between a minister of religion and a congregation is: what was the "intention of the parties" with the calling and ordination of a minister? The answer to this question serves as an indication either for the application of labour law on the regulation of a minister's service or that the church has the authority to regulate the service via the applicable order or constitution of the Church. In this article the "intention of the parties" with the calling and ordination of a Reformed minister is evaluated in the light of Scriptures, the Confession of the Church, the Church Order of the Reformed Churches in South Africa, the concept form of the letter of calling and the Formulary for the Ordination of a Minister. In conclusion it is found that the "intention of the parties" is not to regulate the service of a minister on the basis of a contractual relationship, but service to God according the principles He gave in Scriptures as it is formulated in the Confessions and regulated by the Church Order.

## 1. INLEIDING

Binne die konteks van die Nederduitse Gereformeerde Kerkreg[1] het prof. Pieter Coertzen[2] 'n

1 Na aanleiding van die *Schreuder*-saak (*Schreuder v Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC)) het die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG KERK) tydens die Sinode van 1999 die kerkorde sodanig gewysig dat "die gemeente of kerkverband" gedefinieer is as die werkgewer van 'n predikant. Die predikant is volgens hierdie omskrywing 'n werknemer van 'n kerkraad en/of meerdere vergadering. Sedert 2002 omskryf die kerkorde nie meer die "gemeente of kerkverband" as die "werkgewer" van die predikant nie. Artikel 12.2 en 12.3 van die kerkorde gee uitdruklik te kenne dat 'n predikant deur die Here tot hierdie diens geroep word. Hiervolgens is die predikant aan die Here en die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig. Artikel 12.4 van die 2002 uitgawe van die kerkorde verwys egter na "indiensneming en diensbeëindiging" sonder 'n verdere aanduiding van hoe hierdie terme verstaan behoort te word. In die lig van die hof se bevinding in die *Schreuder*-saak word aanvaar dat hierdie terme steeds binne die konteks van 'n werkgewer-werknemer verhouding verstaan behoort te word. Dit wil egter voorkom of daar 'n ontwikkeling in die NG KERK is weg van die beskouing dat 'n predikant 'n werknemer van die kerkraad is.

2 Vgl. COERTZEN, P. 1999. Predikante-kontrakte - g'n fout nie. *Die Kerkbode*, 162(12):6. Sien COERTZEN, P. 2000. Church and state in South Africa in 1999. New Labour Relations, *European Journal for Church and State Research – Revue européenne des relations Églises-État*, vol, 7: 404-408 en COERTZEN, P. 2002. Church Order or Labour Law in South Africa. *European Journal for Church and State Research – Revue européenne des relations Églises-État*, vol. 9:397-411 waar 'n meer kritiese standpunt met betrekking tot die toepassing van arbeidswetgewing op die predikantsdiens ingeneem word. Die standpunt, dat die predikantsdiens by wyse van kontraksluiting gereël word, neem egter steeds 'n prominente plek in.

rigtinggewende dog debatteerbare bydrae gelewer oor die toepassing van die arbeidsreg in Suid-Afrika op die reëling van die predikantsdiens. Hiervolgens is die toepassing van die arbeidsreg op die predikantsdiens deel van die kerk se verantwoordelikheid om 'n goeie verhouding met die owerheid te handhaaf. Hierdie standpunt word ook deur sommige regsgeleerdes gehuldig, wat inhou dat 'n predikant in 'n kontraktuele verhouding met die gemeente en "met God" staan.[3] Hierdie gedagtegang regverdig verdere nadenke en beoordeling.

Die doel van hierdie bydrae is nie om die juridiese aspek van die genoemde standpunt te bevraagteken nie. In Suid-Afrika, soos in ander jurisdiksies, word aanvaar dat daar verskillende moontlikhede is waarvolgens die predikantsdiens gereël kan word.[4] Die bekendste standpunte in Suid- Afrika varieer tussen die beskouing dat die beroepsbrief 'n kontraktuele werksaanbod aan 'n predikant bied (dat die aanbod 'n arbeidsregtelike kontrak daarstel) en dat die beroeping en bevestiging van 'n predikant 'n godsdiensaangeleentheid is wat deur die kerk self deur 'n interne reëling, wat op die Skrif berus, hanteer word.[5] Laasgenoemde standpunt hou in dat die kerk en die predikant nie die intensie het om 'n kontraktuele verbintenis tot stand te bring nie.[6] Die reëling van die predikantsdiens val volgens dié standpunt onder die bevoegdheid van die spesifieke kerkgemeenskap wat by wyse van sy kerkorde of konstitusie dié diens reël.[7]

Die Suid-Afrikaanse howe beskou dit as 'n kernvraag om te bepaal of 'n predikant as werknemer van 'n kerkraad beoordeel moet word, of nie. Om die kernvraag te beantwoord is dit vir die howe van belang om te bepaal wat die "intensie van die partye" tydens beroeping en bevestiging van die predikant was.[8] Dit wil sê, die vraag moet beantwoord word of die kerkraad en die predikant die intensie gehad het dat hulle verbintenis by wyse van 'n kontraktuele ooreenkoms gereël moet word. Die genoemde "intensie van die partye" kan slegs bepaal word vanuit die hoek van die kerk[9] se selfdefiniëring. Die hof het nie die bevoegdheid om regsverbintenisse te

---

3 KLOPPER, E. 2002. Die godsdienstige regte van predikante in kerke van Gereformeerde Belydenis. Referaat gelewer te Stellenbosch. Ongepubliseerd.

4 *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC); vgl. COERTZEN, P. 2002. Church Order or Labour Law. The Position of Ministers and Others who Work in the Dutch Reformed Church. *European Journal for Church and State Research - Revue européenne des relations Églises-État*, Vol, 9.410.

5 COERTZEN, P. 1999. Predikante-kontrakte – g'n fout nie. *Die Kerkbode,* 162(12):6; SCHOLTZ, A. 2000. Die kerk en die regbank – 'n nabetragting na aanleiding van die Schreuder-saak Referaat gelewer voor die Kongres oor Kerk en Staat. Ongepubliseer. Stellenbosch. Gepubliseer as: Die kerk en die regbank – 'n nabetragting na aanleiding van die Schreuder-saak. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 42(1&2):184-191; KLOPPER, E. 2002. Die godsdienstige regte van predikante in kerke van Gereformeerde Belydenis. Referaat gelewer te Stellenbosch. Ongepubliseerd.

6 SMIT, J. 2004. Die predikant – 'n werknemer van die kerkraad? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 45(1/2):88-98; DU PLOOY, A. le R. 2002. Kerke se interne verbandsreg en die arbeidswetgewing. Advies aan die Konvent van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. p. 1-6. Ongepubliseerd; vgl. OLIVIER, M. 2002. The South African Constitution and freedom of religion: some labour law imperatives and implications. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 41(3&4):531-542; BRITZ, R.M. 1999. Predikante kontrakte is 'n fout. *Die Kerkbode,* 162(10):4.

7 Vgl. Voetnoot 4.

8 Vgl. *Church of the Province of South Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & Others 2001 11 BLLR 1213 op 2285; Wagenaar / Uniting Reformed Church in SA* [2005] 1 BALR 127 (CCMA). 133. Vgl. FOUCHé, M.A. 1999.Requirements for a Valid Contract: Serious Intention. *In*: Fouché, M.A. ed. Legal principles of contracts and negotiable instruments. Fourth edition. Durban: Butterworth. 37, 44; DE WET, J.C. en Van Wyk, A.H. 1992. Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg. Vyfde Uitgawe. Durban: Butterworth. 4, 5.

9 Die begrippe kerk en gemeente word in hierdie artikel konsekwent in die betekenis van "plaaslike kerk" gebruik (DU PLOOY, A. le R. 1979. Ekklésia en meerdere vergaderinge. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.A. –verhandeling.) 23 e.v.)

skep nie én moet ook nie vanweë 'n onvoldoende selfdefiniëring van die kerk in 'n posisie gestel word om (sonder die intensie) so 'n verbintenis te skep nie.[10] Die kerk moet sodoende aan die hof die geleentheid bied om die "intensie van die partye" onbevooroordeeld te kan beoordeel.

Binne dieselfde gereformeerde tradisie kom 'n verskil in benadering voor, naamlik of die arbeidsreg werklik seggenskap op die toepassing van die predikantsdiens behoort te hê, al dan nie.[11] Ondanks hierdie verskil in benadering is die vertrekpunt in beide gevalle dieselfde Skrifwaarheid en dieselfde Belydenis.[12] Hierdie artikel is 'n poging om verdere moontlikhede te ontsluit in antwoord op Coertzen[13] se gedagtegang dat verdere studie gedoen moet word oor die vraag of 'n predikant werklik as 'n werknemer van die kerkraad beskou kan word. Die doel van hierdie artikel is om vanuit die Gereformeerde kerkreg aan te toon hoe die intensie van die twee partye by beroeping beoordeel moet word. Sodoende word 'n bydrae aangebied wat moontlik 'n verdere gang in die gesprek kan meebring.

## 2. DIE "INTENSIE VAN DIE PARTYE" OP GROND VAN DIE SKRIF EN BELYDENIS

Dit word allerweë in die gereformeerde tradisie aanvaar dat die "intensie van die partye" by die beroeping en bevestiging van 'n predikant deur die Skrif en belydenis bepaal moet word. Hiervolgens is die belydenis 'n gelowige nasê en ontplooiing van wat in die Skrif as 'n opdrag gesien word. Die belydenis is die verwoording van hoe die kerk aan die Skrif glo. Per slot van rekening is die Skrif die *norma normans* en die belydenis die *norma normata* vir die kerk.[14] So is die belydenis die beginselbasis, die grondreël van hoe Gereformeerdes hulle identiteit as kerk van die Here verstaan[15].

Die belydenis stel die dienste as deel van die kerk se interne funksionering.[16] In die Heidelbergse Kategismus bely die kerk dat die Woordbediening in stand gehou moet word, die gemeente bymekaar moet kom om die verkondiging van die Woord te hoor en dat die Christelike liefdegawes gegee moet word.[17] Hierdie handelinge behoort nie plaas te vind buite om persone wat daartoe geroep is nie. Die persone wat verantwoordelik is vir hierdie dienswerk is die bedienaars van die Woord (predikante), die ouderlinge en die diakens[18]. Deur die dienswerk van hierdie persone word die opbou, instandhouding en versorging van die kerk te weeg gebring by wyse van 'n geestelike regeerdiens deur die predikant en die ouderlinge en die praktiese versorgingsdiens deur die diakens.[19] Hierdie dienste is eie aan die kerk. Christus het Self in die Woord hierdie dienste in die kerk gegee om sy gesag deur 'n geestelike bestuurswyse in die kerk

---

10 Vgl. *Church of the Province of South Africa (Diocese of Cape Town) vCCMA & Others* 2001 11 BLLR 1213 e.v.

11 Die volgende skryfwyse word in hierdie artikel gebruik: "gereformeerd" (met 'n kleinletter) wanneer bedoel word "binne die breë Reformatoriese tradisie" en "Gereformeerd" (met 'n hoofletter) wanneer spesifiek verwys word na die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA).

12 CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek 1. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom. Calvyn Jubileum Boekefonds. 1.6.1; Vgl. BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek. Eerste Deel. Vierde onveranderde druk. Kampen: Kok. 64 e.v.

13 COERTZEN, P. 2000. Church and State in South Africa in 1999. *European Journal for Church and State Research.* Volume 7. Peeters. 407.

14 BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek. Eerste Deel. Vierde onveranderde druk. Kampen : Kok. 63 e.v.

15 SMIT, C.J. 1984. God se orde vir sy kerk. Pretoria : N.G. Kerk-boekhandel. 62-69.

16 NGB art. 30-32.

17 Vgl. HK Sondag 38 vr. & antw. 103.

18 NGB art. 31.

19 NGB art. 30; vgl. RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok. 479 e.v.

te bedien.[20]

Voorafgaande hou in dat die kerk die bevoegdheid vir die reëling van die kerklike dienste ontvang het as deel van 'n geestelike regering, terwyl die staat as godsdiensonpartydig nie by wyse van enige wetgewing invloed op die kerk se interne werkswyse vir die bevordering van die evangelie mag uitoefen nie.[21] Hierdeur word 'n duidelike grens tussen die geestelike regering van die kerk onder die Koningskap van Christus en die staatsregering gereleveer.[22] Die "intensie van die partye" by die beroeping van 'n predikant kan derhalwe bepaal word vanuit die kerk se beskouing oor die regering van Christus deur middel van die geroepe dienaars.[23]

## 3. DIE "INTENSIE VAN DIE PARTYE" VOLGENS DIE AARD VAN DIE DIENSTE

Die "intensie van die partye" met beroeping en bevestiging moet in terme van die eenheid tussen die Hoof van die kerk en die kerk as die liggaam van die Hoof verstaan word.[24] Uit die Hoofskap van Christus word die aard van die dienste bepaal.[25] As Hoof van die kerk gee Christus die dienste in die kerk. Die dienste kom nie van buite af in die kerk nie word ook nie deur die kerk gegenereer nie, maar word deur Christus by wyse van roeping deur die Heilige Gees daargestel. Daarom behoort die dienste nie bloot beskryf te word as dienste van die kerk nie, maar as dienste van Christus vir die kerk. Alle optrede deur die dienste het slegs kerkregtelike gesag indien dit op die Skrif rus.[26]

Die totale begrensing van die aard van die kerklike dienste lê in die Skrif. Uit die Skrif spreek die intensie van roeping en beantwoording van die roeping. Die Christologiese aard van die dienste is tekenend van die besondere band tussen Christus en die geroepe dienaar. Die doel met die opbou van die liggaam van Christus deur die dienste is dat elke gelowige tot geestelike volwassenheid sal kom.[27] So word die kerklike dienste deur Christus in die kerk gegee ter wille van die kerk – sodat die kerk toegerus vir sy taak in die wêreld kan lewe.[28] Geen ander diens is spesifiek daarvoor afgesonder om tot opbou en uitbreiding van die kerk te dien nie. En geen ander diens word op dieselfde wyse deur Christus in 'n ander gemeenskap as in die kerk gegee nie.[29] Reeds hierdeur blyk die eiesoortige aard (*sui generis*) van die kerkregering wat ten diepste deur Christus bepaal word. Die "intensie van die partye" met beroeping en bevestiging moet dus in samehang met die aard van die dienste in die kerk gesien word.

20 vgl. NGB art. 30.

21 Vgl. SMIT, J. 2006. Die kerk se regsposisie in Suid-Afrika in die lig van godsdienvryheid – gereformeerd-kerkregtelik gesien. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 47(3 & 4):633-651.

22 NGB art. 36; vgl. VAN'T SPIJKER, W. 1990. De kerk bij Bucer: Het rijk van Christus. *In* Van't Spijker, W., e.a. De Kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorishe opvatting. Kampen : Uitgeverij De Groot Goudriaan. 135.

23 NGB art. 29-32.

24 RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok. 530.

25 DU PLOOY, A. le R. 1979. Ekklésia en meerdere vergaderinge. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.A.-verhandeling) 31.

26 SMIT, C.J. 2008. Is die idee van 'n kerkorde nog kerklik byderwets? *In die Skriflig*, (42)2:231.

27 Ef.4:12, 16; vgl. RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok. 422

28 CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. 4.3.2; vgl. VAN'T SPIJKER, Spijker, W. De ambten bij Martin Bucer (in Rossouw, P.J. (*red.*) Gereformeerde Ampsbediening), Pretoria: NK Kerkboekhandel. 116, 117; ROSSOUW, P.J. Aspekte van die ampsbeskouing van Calvyn (in Rossouw, P.J. (*red.*) Gereformeerde Ampsbediening), Pretoria: NK Kerkboekhandel. 129.

29 TRIMP, C. 1982. Ministerium – een introductie in de reformatorische leer van de ambt. Groningen: De vuurbaak. 23-25.

## 4. DIE BETEKENIS VAN DIE GELYKHEID VAN DIE PARTYE VIR DIE BEROEPING

Uit die diens van die ouderlinge blyk dat die predikantsdiens 'n spesifisering van dié diens is.[30] Die differensiasie in die dienswerk is die gevolg daarvan dat die apostels nie die dienswerk alleen kon behartig nie. Volgens die Skrif is die ouderlinge (kerkraad) *kubernéseis* (stuurmanne),[31] *prohistamenos, prohistemi* (om aan die hoof te staan, om besorg te wees oor)[32] en *hégoumenoi* (hulle wat lei of regeer).[33] Die predikantsdiens is prinsipieel deel van hierdie bedienende regering van die ouderlinge. Die spesifisering van die predikantsdiens rus onder meer daarop dat die *didaskaloi* (leraars) die enigste "permanente diens" is wat Paulus in al drie opsommings oor die dienste noem,[34] waarin die spesifieke aspekte van die bediening ontplooi word. Die verbinding tussen herders en leraars dui op die gemeenskaplikheid van die diens, terwyl die funksionele onderskeid tussen die regeringsdiens en die verkondigingsdiens terselfdertyd gehandhaaf word.[35] Die predikant is dus 'n ouderling met die spesifieke opdrag om die gemeente in die evangelie te onderrig.[36] Op grond van die prinsipiële eenheid van die diens is die veronderstelling dat 'n kerkraad 'n predikant in diens neem, kerkregtelik gesien, 'n anachronisme. Hoewel die dienste dus funksioneel gedifferensieerd is, wys die prinsipiële eenheid daarvan juis op Christus as die enigste Gewer en Bepaler van die diens.

In Christus is die dienste prinsipieel gelyk en fundamenteel een. Christus se permanente grondplan vir die opbou en toerusting van die kerk word wel in die differensiëring van die dienste ontplooi, sonder dat die prinsipiële eenheid daarvan opgehef word.[37] Een diens word nie belangriker, hoër, teenoorstaande, of ondergeskik aan die ander geag nie, aangesien die volle heilsgawe in Christus op drieërlei wyse in die kerk bedien word.[38] Die gemeenskaplike bediening van die predikant en die ouderling rus daarop dat Christus die hoogste Profeet, enigste Priester en ewige Koning van die kerk is.[39] Uit die gelykheid tussen die dienste blyk dat daar nie 'n hiërargiese of gesagsverhouding in terme van die arbeidsreg tussen die kerkraad en die predikante is nie.

## 5. DIE BETEKENIS VAN DIE VERBINTENIS TUSSEN DIE KERKRAAD EN DIE PREDIKANT MET BEROEPING

'n Riglyn vir die verbintenis tussen 'n predikant en die kerkraad is dat die predikant nie 'n mindere in verhouding met die kerkraad is nie.[40] Telkens wys die apostel daarop dat die gestuurdes in

30 ROSSOUW, P.J. 1988. Aspekte van die ampsbeskouing van Calvyn. *In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening , Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 134.

31 1 Kor.12:28

32 Rom.12:8; 1 Tim.3:4,5.

33 Heb.13:7.

34 GROSHEIDE, F.W. 1957. De Eerste Brief aan de Kerk te Korinte. Commentaar op het Nieuwe Testament. Tweede herziene druk. Kampen : Kok. 335.

35 Vgl. BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek. Vierde Deel. Vierde onveranderde druk. Kampen : Kok. 371.

36 Vgl. SILLEVIS SMITT, P.A.E. 1910. De organiastie van de Christelijke kerk in den apostolischen tijd. Rotterdam : De Vries. 158 e.v.

37 VERSTEEG, J.P. 1988. Het karakter van het ambt volgens Efesiërs 4:7-16. *In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 53.

38 VAN'T SPIJKER, W. 1982. De ouderling en zijn werk in het licht van de kerkorde. *In* Koole, D. en Velema, W.H., *red.* Uit Liefde tot Christus en zijn Gemeente. Tweede druk. Kampen : Kok. 82.

39 HK Sondag 12 vr. & antw. 31.

40 Vgl. Kol.4:10; 1 Kor. 16:10-12; 2 Kor. 8:16-24.

die sin van gelykes verwelkom moet word omdat hulle betroubare dienaars van Christus is.[41] Die kerkraad ontvang nie die bevoegdheid om die persone in diens te neem en hulle derhalwe as ondergeskiktes te behandel nie. Die bevoegdheid van 'n predikant om in die gemeente op te tree, is immers nie afhanklik van blote menslike toedoen nie, maar dit rus op die roeping wat primêr van Christus deur die gemeente kom.

'n Nadere omskrywing van die verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerkraad word deur die woord *prohistemi* (om aan die hoof te staan, om besorg te wees oor) gegee. In die boek Timoteus word *prohistemi* en veral die selfstandige naamwoord *prohistamenos* herhaaldelik gebruik.[42] Die gebruik van die woord sluit die gedagte van 'besorgd wees' in.[43] Die werkwoord *prohistemi* stel in die Nuwe Testament die opdrag aan die kerkraad en die predikant om leiding te gee en die gemeente as gelykes van mekaar te versorg.[44]

Die voorafgaande stel die aard van die kerkregering deur die ouderlinge en die predikante duidelik as 'n orde van dienslewering en versorging onder leiding van die Heilige Gees.[45] Hier word 'n nuwe klem gelê, naamlik dat die "leiers" die bediendes moet wees, die belangrikste moet die geringste wees en die wat die verantwoordelikheid vir die ander aanvaar, moet dit soos 'n ondergeskikte doen.[46] Die effek van die opdrag is dat die kerkraad en die predikant mekaar gesamentlik en afsonderlik, as groep en as individue, moet bedien.[47] Die gevolg van dié opdrag is dat die kerkraad nie die predikant in diens neem nie, aangesien beide as gelykes in diens van Christus staan.[48] Selfs in die geval waar 'n kerkraad tug op 'n predikant moet uitoefen word dit steeds gedoen as die bediening van Christus se gesag aan 'n gelyke. Die "intensie van die partye" is dus nie om 'n werkgewer-werknemer verhouding daar te stel nie.

Die aard van die verbintenis tussen 'n predikant en die kerkraad kom daarop neer dat die predikant nie as 'n werknemer van die kerkraad gedefinieer behoort te word nie.[49] Die "intensie van die partye" is nie om 'n werkgewer-werknemer verhouding tot stand te bring nie. Die intensie is eerder diens aan Christus op 'n gelyke grondslag.[50] Hierdie diens, wat as 'n selfopofferende diens beskou kan word, kan wesentlik nie by wyse van 'n kontrak gereël word nie. 'n Kontrak reël die formele aspekte van 'n verhouding en nie geloofsgesindheid, soos dit allesomvattend geld vir die verbintenis tussen 'n kerkraad en 'n predikant nie.[51] Daarom het die kontraktereg ook nie die kompetensie om die gevolge van 'n predikant se liefde vir Christus en

---

41 VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1993. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. Tweede druk. Kampen : Kok. 663.
42 REICKE, B. 1969. Proistémi. *In* Theological Dictionary of the New Testament. Vol. VI. 700 e.v.
43 COENEN, L. 1986. Bishop. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 193.
44 REICKE, B. 1969. Prohistémi. *In* Theological Dictionary of the New Testament. Vol VI. 700 e.v.
45 SMIT, C.J. 1997. A Governing of the heart. Mainly as seen by John Calvin. *In* Neuser, W. & Selderhuis, H.J. *red.* Leiden : Uitgeverij J.J. Groen en Zoon. 99-110.
46 Luk. 22:27
47 Vgl. GREIJDANUS, S. 1955. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Het Evangelie naar Lucas. Kampen : Kok. 222.
48 Vgl. BROWN, E. 1988. Amp en Belydenis. *In* Rossouw,P.J., (*red.*) Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 171-173.
49 SMIT, J. 2004. Die predikant – 'n werknemer van die kerkraad? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45(1/2):88-98.
50 BROWN, E. 1988. Amp en Belydenis. *In* Rossouw, P.J., (*red.*) Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 174.
51 Vgl. DE WET, J.C. & YEATS, J.P. 1964. Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg. Derde Uitgawe. Durban : Butterworths.

meegaande geloofsuitlewing te reël nie[52]. Geestelike gehoorsaamheid kan immers nie deur 'n kontrak gereël of afgedwing word nie.[53] Daarvoor geld die beginsels van 'n "nuwe orde" verwoord in die Skrif, Belydenis en kerkorde.[54]

## 6. DIE INTENSIE TEN OPSIGTE VAN ROEPING EN BEROEPING

Die roeping van 'n predikant vind plaas in 'n gemeenskap van geroepenes. Die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord *ekklésia* (kerk) hou onder meer 'n offisiële "oproep" in.[55] Die kerk is dus 'n gemeenskap van mense wat deur God geroep is.[56] Die roeping van mense word deur die verkondiging van die Woord en die werking van die Heilige Gees bewerk.[57] Sodoende word die kerk vanweë die verkondiging van die evangelie deur bedienaars van die Woord in die wêreld gevestig. Volgens die Gereformeerde kerkbegrip is die diens van die predikant derhalwe nie 'n gevolg van die vestiging van 'n gemeente nie. Daar moet eers die moontlikheid van ampsgawes wees voordat 'n gemeente tot stand kan kom.[58] Hierdie chronologiese orde wat tussen die diens en die kerk bestaan, is eweneens 'n aanduiding dat die "intensie van die partye" tydens die beroeping en bevestiging van 'n predikant nie 'n arbeidsregtelike verhouding impliseer nie.[59] Die diens gaan immers die kerk vooraf.

> *The proclamation of the Word constitutes the church, therefore the ministry of the Word is principle to the church.*[60]

In dié gemeenskap van geroepenes word onderskei tussen die algemene en die besondere roeping. Die algemene roeping is die roeping deur God wat tot alle gelowiges kom – ook die predikante.[61] Hierdie roeping manifesteer 'n mens se kindskap voor God. Die besondere roeping vind uitdrukking in 'n "volhardende en standvastige innerlike drang" wat die Heilige Gees in 'n

---

52 Vgl. CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : Calvyn Julileum Boekefonds. 4.3.1.

53 POLMAN, A.D.R. s.j. Onze Nederlandse Geloofsbelijdenis: verklaard uit het verleden gekonfronteerd met de heden. Deel 4. Franeker : Wever. 10.

54 Daar bestaan na my wete nie in Suid-Afrika 'n benoemde regsverhouding wat voorsiening maak vir die juridiese reeling van 'n godsdiensbepaalde verbintenis *per se*, soos die van 'n predikant en 'n kerkraad nie. Vanuit die kerkreg word hierdie verbintenis as 'n eiesoortige (*sui generis)* verbintenis beskryf, terwyl die howe in die lig van godsdiensvryheid en staatsonpartydigheid met betrekking tot godsdiensbepaalde verbintenisse sinvol by so 'n beskrywing kan aansluit (vgl. PIRSON, D. 1995. Das Kircheneigene Diensrecht der Geistlichen und Kirchenbeampten. *In* List, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Zweiter Band. Dunckler & Humblot : Berlin. 845-875.); Smit, C.J. 1984. God se orde vir sy kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel. 20-55.

55 COENEN, L. 1986. Call. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 275.

56 COENEN, L. 1986. Call. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 273-276.

57 COENEN, L. 1986. Call. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 275.

58 SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 27-28.

59 Vgl. VAN'T SPIJKER, W. 1990. De kerk bij Calvijn: theocratie. *In* Van't Spijker, W. e.a. De Kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : Uitgeverij De Groot Goudriaan. 157

60 COERTZEN, P. 2002. Church Order or Labour Law in South Africa. *European Journal for Church and State Research – Revue européenne des relations Églises-État*, vol. 9:403.

61 VISSER, J. 1999. Die kerkorde in Praktyk. Roodepoort : EFJS Drukkers. 7-8.

persoon wek om die Woord te verkondig.[62] Hierdie inwendige roeping wek die begeerte op om dié besondere diens in die kerk te mag lewer.[63] Inwendige roeping ontstaan nie uit ambisie nie, maar uit 'n opregte geloof en die vaste begeerte om in God se diens te staan.[64] Die volgende aspekte van die besondere roeping word hierin uitgelig:

- Die Een wat die gawe en diens in die kerk gee het ook die bevoegdheid om die diens tot aksie te roep.[65] Sodoende stel die roeping van 'n predikant hom deur die werking van die Heilige Gees in 'n direkte verhouding met Christus.[66] Christus bepaal nie slegs die diens wat deur die predikant verrig word nie, maar neem die predikant in beginsel vir sy hele lewe "in diens".[67] Vanweë die roeping is 'n predikant in diens van Christus en nie in diens van die kerkraad nie.
- Die Een wat roep neem deur die roeping beslag op die persoon se hele wese en nie net op 'n faset daarvan nie.[68] In ooreenstemming met hierdie uitgangspunt behels die roeping van die predikant nie slegs 'n geestelike dimensie nie, dit het ook organies met praktiese omstandighede te make: die geroepene word as volledige mens in diens van die Here van die kerk gestel.[69] Vanweë die roeping het die reëling van 'n predikant se diens nie, soos in die geval van arbeidswetgewing slegs betrekking op 'n persoon se werksopdrag nie, maar op sy hele lewe.
- Die Een wat die diens aktiveer bepaal ook waar die diens uitgevoer word.[70] In beginsel is 'n predikant aan die gemeente verbonde waar hy bevestig is, maar steeds onderwerp aan die vrymag en bestiering van God wat middellik deur die gemeente roep.[71] Daarom is 'n predikant nie "bodemverknog" in sy diens nie.[72] Solank die beroeping ordelik deur 'n gemeente plaasvind, is die verandering van standplaas moontlik.[73] Vanweë dié monopleuriese aard van die roeping word 'n predikant (tydens beroeping) nie voor 'n werksaanbod gestel nie, maar voor die uitvoering van 'n Goddelike opdrag.
- Die Een wat roep dra nie sy gesag aan die gemeente oor om 'n predikant "aan te stel"

---

62 VAN DER LINDE, G.P.L. e.a. 1983. Die Kerkorde – 'n verklaring van die Gereformeerde kerkorde.

63 CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom · Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 13.

64 VAN'T SPIJKER, W. 1970. De ambten bij Martin Bucer, Kampen : Kok. 366 e.v.

65 VENTER, C.J.H. 1988. Amp en ampsdraer – Gesigspunte uit die Nuwe Testament. *In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening, Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 97; CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. 4.3.10; 4.3.11.

66 Vgl. GOUMAZ, L. 1964. Het ambt bij Calvijn. Een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament. Vertaald en ingeleid door K. Deddens. Franeker : Wever. 42.

67 Vgl. VAN DELLEN, I. & MONSMA, M. s.j. The Church Order Commentary. Michigan : Zondervan. 33

68 COENEN, L. 1986. Call. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 274.

69 Ps. 25:14; vgl. COENEN, L. 1986. Call. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 273-276; VAN DELLEN. I. & MONSMA, M. s.j. The Church Order Commentary, Michigan : Zondervan. 33.

70 CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. 4.3.10; 4.3.11.

71 Vgl. SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 42.

72 CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. 4.3.7.

73 Vgl. SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 83.

of "in diens" te neem nie.[74] Deur die gebede wat die beroeping vooraf gaan, erken die gemeente dat hulle as instrumente in die hand van God optree.[75] Deur die beroeping wys die Here die persoon aan wat in die gemeente moet dien.[76] Vanweë die ordelike roeping deur die gemeente van God ontvang 'n predikant die sekerheid dat hy werklik deur Christus gestuur is.[77]

- Daar is geen aanduiding in die Skrif dat roeping en die beroeping 'n kontraktuele inslag het of die intensie daar stel om 'n predikant in diens van 'n gemeente te bevestig nie. Deur die roeping en beroeping van 'n predikant word die predikant in diens van Christus gestel ter wille van die opbou van die kerk.

> *Here we have an admirable commendation of the ministry – that while God could accomplish the work entirely himself, he calls us, puny mortals; to be as it were his coadjutors, and makes use of us as his instruments . . . while it is peculiarly the work of God to built his temple, or cultivate his vineyard, he calls forth ministers to be fellow-labourers, by means of whom He alone works; but at the same time in such a way, that they at their turn labour in common with him.*[78]

7. "INTENSIE VAN DIE PARTYE" MET DIE BEVESTIGING

Die handoplegging is in die Ou- en Nuwe Testament die aanduiding van die bevestiging van 'n persoon.[79] Die Rooms Katolieke kerk leer dat die handoplegging meer as simboliese waarde het.[80] Met die ordening van 'n priester ontvang die persoon onder meer die *character indelebilis* (onvernietigbare karakter) van die amp, die vermeerdering van die heiligmakende genade, besondere hulp om voor God aanneemlik te lewe, die bevoegdheid vir die priesterlike diens en bediening van die sakramente, en verder ook die bevoegdheid om in die Naam van die Here sondes te vergewe.[81] Die ordening van 'n priester in die Rooms Katolieke Kerk word sodoende as 'n kultiese handelinge beskryf en is 'n belangrike aanduiding dat die priester se diens nie by wyse van arbeidsregtelike bepalings gereël word nie.[82]

Volgens die Gereformeerde kerkreg word die bevestiging nie beskou as 'n geleentheid waartydens geestelike gawes op 'n transendente wyse aan 'n predikant gegee word nie.[83] Met die roeping van die dissipels het Jesus hulle nie die hande opgelê nie.[84] Ook Paulus en Barnabas is met hulle bevestiging nie die hande opgelê nie. Die handoplegging het gevolg nadat dit duidelik

---

74 Vgl. VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom : Pro Rege. 63, 64.
75 KRUGER, L.S. e.a. 1966. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege. 58.
76 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 431
77 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 431
78 CALVIN, J. 1848. Commentry on the Epistles of Paul the Apostle to the Corinthians. Volume First. Translated from the original Latin, and Collated with the author's French version, by the Rev. John Pringle. Edinburgh : Printed fir the Calvin Translation Society. 131, 132.
79 Vgl. Num. 8:10,12; Hand. 14:23; 1 Tim. 4:14; 5:22; 2 Tim. 1:6.
80 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 409.
81 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 409
82 Vgl. PIRSON, D. 1995. Das Kircheneigene Diensrecht der Geistlichen und Kirchenbeampten. *In* List, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatkirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Zweiter Band. Dunckler & Humblot : Berlin. 847, 850 e.v.
83 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 409, 410.
84 Mat. 10:1:22:19.

was dat dié apostel en sy medewerker deur die roeping vir 'n spesifieke opdrag afgesonder is.[85] Die handoplegging van Timoteus wys eweneens nie daarop dat die mededeling van gawes aan die handoplegging toegeskryf kan word nie.[86] Die Heilige Gees het die gawes aan Timoteus gegee om in die kerk te dien.[87] Sodoende is die handoplegging tydens bevestiging 'n simboliese daad wat vir die persoon wat bevestig word as 'n bevestiging van sy innerlike roeping dien.[88]

Die Skrif gee nie 'n formule waarvolgens 'n predikant beroep moet word nie. Daar is wel aanduidings dat die beroepingsproses uit onderskeie fasette bestaan, naamlik die voorafgaande gebede, die verkiesing deur die kerkraad en diakens, die goedkeuring van die lidmate van die gemeente, die kontrolering van kerklike getuienis en die openlike bevestiging van die predikant.[89]

> *Ons sien inderdaad dat dit in die verkiesing van die Levitiese priesters volgens die bevel van die Here gebruiklik was dat hulle voor hulle bevestiging voor die volk gebring is. Nóg word Matthias in die vergadering van die apostels opgeneem, nóg word die sewe as diakens gekies anders as ten aanskoue en met goedkeuring van die (kerk) volk ... Nou weet ons dus dat hierdie beroep van 'n bedienaar wettig uit die Woord van God is wanneer diegene wat vir hulle geskik lyk, met die instemming en goedkeuring van die (kerk) volk aangewys word.*[90]

In die Gereformeerde kerkreg vind die handoplegging slegs plaas wanneer 'n predikant vir die eerste keer in die diens bevestig word. Die eenmalige handoplegging rus daarop dat 'n predikant lewenslank tot die diens verbind word en nie slegs vir 'n tydperk soos dit normaalweg deur 'n kontraktuele ooreenkoms bepaal word nie.[91] Reeds in die Ou Testament is die Leviete in hulle diens bevestig as teken daarvan dat hulle aan die Here behoort en in sy diens staan.[92] Sodoende dien die bevestiging as sluitsteen van die roeping – die bevestiging maak die roeping van 'n predikant vas.[93] Die bevestiging is derhalwe die aanduiding vir 'n predikant dat hy wettig deur die gemeente en daarmee deur God self geroep word.[94] En die gemeente ontvang deur die bevestiging die aanduiding dat hulle die predikant as 'n gesant van Christus ontvang.[95]

Hoewel die bevestiging van 'n Gereformeerde predikant geheel anders as in die Rooms Katolieke kerkreg begrond word, is die bevestiging in die Gereformeerde kerkreg eweneens 'n kultiese handeling waardeur 'n predikant in staat gestel word om sy diens in die kerk te verrig. Sonder die bevestiging word 'n predikant nie as 'n gesant van Christus beskou nie en het hy nie die bevoegdheid om in die kerk te dien nie.[96] Effektief het Christus die predikant tot sy diens

---

85 Hand. 13:3.
86 1 Tim. 1:6 in die lig van 1 Tim. 4:14.
87 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 410 e.v.
88 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 411 e.v.
89 Vgl. RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok. 532.
90 Calvyn, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. 4.3.14.
91 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 411.
92 Vgl. Num. 8:10, 12.
93 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 410 e.v.
94 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 410 e.v.
95 VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1993. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. Tweede druk. Kampen : Kok. 663.
96 Vgl. RUTGERS, F.L. 1921. Kerklijke Adviezen. Deel 1. Kampen : Kok. 45. BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 411. Calvyn, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek vier. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : Calvyn Julileum Boekefonds. 4.3.16.

geroep en Hy bevestig hom deur die handeling van mense in sy diens.[97] Met die bevestiging van 'n predikant is die "intensie van die partye" eksklusief godsdienstig bepaal. Die intensie is om 'n predikant in diens van Christus te stel sonder dat hy as 'n werknemer van die gemeente in diens geneem word.[98]

## 8. "INTENSIE VAN DIE PARTYE" TEN OPSIGTE VAN DIE VERSORGING VAN 'N PREDIKANT

*1 Timoteus 5:18*

Verskeie Skrifgedeeltes bepaal dat bedienaars van die Woord eervol in hulle diens versorg moet word[99]. Ironies genoeg gebruik sommige navorsers 1 Timoteus 5:18 as maatstaf vir die beoordeling van 'n predikant se traktement sonder inagneming van die hermeneutiese en selfs tekskritiese probleme wat uit die teks voortspruit.[100] Die vraag is hoe die woorde *diplés timés* (dubbele eer) verstaan moet word.[101] Sommige navorsers wys daarop dat dubbele eer letterlik verstaan moet word as aanduiding van hemelse en aardse eer. Ander is van mening dat die term neerkom op die onderskeid tussen die toesegging van eer ten opsigte van die regeerhoedanigheid in onderskeid met die toesegging van eer vanweë diensjare en ouderdom.[102] Daar is ook navorsers wat die mening huldig dat *diplés timés* op eer en op onderhoud (*honour et honorarium*) dui.[103] Vir die doeleindes van hierdie artikel word aanvaar dat die tekstuele konteks van 1 Timoteus 5:18 daarop wys dat 'n arbeider geregtig is op *honour et honararium.*[104] Verklaarders is dit egter eens dat die teksgedeelte (1 Tim. 5:17, 18) nie finale uitsluitsel gee oor die versorgingsbepalings ten opsigte van 'n predikant nie.[105] Perspektief uit die Skrif op die versorging van 'n predikant word eerder vanuit 1 Korinthiërs 9:11 en Galasiërs 6:6-8 gegee.

---

97 Vgl. VAN'T SPIJKER, W. 1970. De ambten bij Martin Bucer. Kampen : Kok. 383, 384.

98 SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 58. BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 334.

99 Vgl. Luk. 10:7; Joh. 4:36; Rom. 4:4; Gal. 6:6-8; PEL, P.T. e.a. 1991. Rechtspositie en tractement van de predikant. Zwolle : GMV. 15, 16.

100 KLOPPER, E. 2002. Die godsdienstige regte van predikante in kerke van Gereformeerde Belydenis. Referaat gelewer te Stellenbosch. Ongepubliseerd. Vgl. COERTZEN, P. 1999. Predikante-kontrakte – g'n fout nie. *Die Kerkbode*, 162(12):6.

101 Vgl. RIDDERBOS, H. 1967. De Pastorale Brieven. Kampen : J.H. Kok. 139, 140; BOUMA, C. 1942. De Brieven van den Apostel Paulus aan Timoteus en Titus. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 188 e.v. CALVIN, J.M.DCCC.LVI. Calvin Commentaries. Timothy, Titus & Philemon. Translated by Pringle, W. Edinburgh ; Calvin Translation Society. 137, 138; AALEN, S. 1986. Glory. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 2. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 50 2(b) en 4(c).

102 BOUMA, C. 1942. De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 190

103 Vgl. RIDDERBOS, H. 1967. De Pastorale Brieven. Kampen : J.H.Kok. 139, 140; BOUMA, C. 1942. De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 188 e.v. CALVIN, J.M.DCCC.LVI. Calvin Commentaries. Timothy, Titus & Philemon. Translated by Pringle, W. Edinburgh ; Calvin Translation Society. 137, 138; AALEN, S. 1986. Glory. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 2. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 50 2(b) en 4(c).

104 VENTER, C.J.H. 1988. Amp en ampsdraer – Gesigpunte uit die Nuwe Testament. *In* Rossouw, P.J., (*red.*) Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 100.

105 Vgl. RIDDERBOS, H. 1967. De Pastorale Brieven. Kampen : J.H. Kok. 139, 140; BOUMA, C. 1942. De Brieven van den Apostel Paulus aan Timoteus en Titus. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 188 e.v. CALVIN, J.M.DCCC.LVI. Calvin Commentaries. Timothy, Titus & Philemon. Translated by Pringle, W. Edinburgh ; Calvin Translation Society. 137, 138; AALEN, S. 1986. Glory. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 2. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 50 2(b) en 4(c).

*1 Korintiërs 9:11*

In 1 Korinthiërs 9:11 stel die apostel 'n vraag, naamlik:

> *As ons vir julle die geestelike saad gesaai het, is dit dan van julle te veel gevra as ons die stoflike lewensonderhoud sou inoes?*

Die Griekse woord wat in hierdie teksvers gebruik word, is *opheilo* en het die betekenisnuanse van skuld (aan iemand), of iets verskuldig wees.[106] Daarmee sê Paulus dat die apostels die reg het om deur die gemeente versorg te word[107]. Die reg van versorging setel daarin dat 'n bedienaar van die Woord sy hele lewe daaraan wy om die evangelie van Christus te verkondig.[108] Die bedienaar gee dus geestelike voeding aan die gemeente en daarom is die gemeente stoflike onderhoud aan hom verskuldig. Dieselfde beginsel het betrekking op die onderhouding van die geestelike band tussen verskillende gemeentes.[109] Toe die gemeente in Jerusalem verarm het, het die gemeentes van Masedonië en Agaje uit eie oorweging besluit om die gemeente in Jerusalem te help.[110] Volgens die Skrif was dié gemeentes die stoflike versorging ook aan die gemeente in Jerusalem verskuldig.

> *... as die gelowiges uit die Jode hulle geestelike rykdom met die heidennasies gedeel het, is die gelowiges uit die heidene dit aan die gelowiges uit die Jode verskuldig om hulle met stoflike hulp by te staan.*[111]

Indien *opheilo* in hierdie teksgedeeltes in 'n ekonomiese sin verstaan word, dui dit waarskynlik daarop dat die eerste gemeentes en die apostels die voorbeeld van filosowe gevolg het deur hulle kennis (die evangelie) aan gelowiges uit die heidendom te verkoop.[112] So beoordeel is *opheilo* 'n aanduiding wat inhou dat gelowiges uit die heidendom onbetaalbare skuld teenoor die gelowiges uit die Jodedom verskuldig was.[113] Dieselfde onbetaalbare skuld is 'n gemeente dan aan 'n predikant verskuldig op grond van die verkondiging van die evangelie. 'n Predikant kan immers nie vir die verkondiging vergoed word nie.[114]

Die term *opheilo* word egter in hierdie teksgedeeltes positief in 'n religieus-etiese konteks gebruik.[115] Dié term dui daarop dat die gawe van stoflike onderhoud diens aan God is, 'n verheerliking van Christus, 'n spontane gebaar van broederlike liefde wat die gelowiges tot vrywillige bydraes aanmoedig, en tasbare uitdrukking is van die gemeente se "geestelike skuld" teenoor die verkondiger van die Woord.[116] Die reg tot onderhoud manifesteer dus in die

---

106 GROSHEIDE, F.W. 1932. De Eerste Brief van den Apostel Paulus aan de Kerk te Korinte. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 305.

107 1 Kor. 9:8-10.

108 Vgl. 1 Kor. 9:8-10.

109 HARRIS, J. 1986. Tax. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 3. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 752; BROWN, C. 1986. Poor. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 2. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 826; GROSHEIDE, F.W. 1932. De Eerste Brief van den Apostel Paulus aan de Kerk te Korinte. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 307.

110 Rom. 15:27.

111 Rom. 15:27.

112 DU RANDT, J.A. 1993. 1 Korintiërs. *In*: Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. Die Bybel in Praktyk. Vereniging : CUM. 1770.

113 CRANFIELD, C.E.B. 1979. A critical and Exegetical Commentary on the Epistle to the Romans. Volume II. Edinburgh : T & T Clark. 774.

114 JANSEN, J. 1952. Korte verklaring van de Kerkorde. Kampen : Kok. 51 e.v.

115 Vgl. TIEDTKE, E. & LINK, H.-G. Necessity. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 2. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 668.

116 HARRIS, J. 1986. Tax. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 3. Grand Rapids :

religieus-etiese sfeer as opdrag van Godsweë en eweneens as 'n offergawe aan God.[117]

In hierdie verse word *sarkika* (lewensonderhoud) nie gelykgestel aan *misthos* (salaris of vergoeding) nie. Paulus stel hom ook nie as 'n *misthotos* ('n huurling) voor wat aanspraak maak op vergoeding vir sy dienswerk nie.[118] 'n Huurling ontvang 'n salaris of vergoeding op grond daarvan dat hy sekere dienste gelewer het. 'n Predikant word egter nie vergoed vir spesifieke dienste wat hy op velerlei vlakke lewer nie, maar daar word 'n lewensonderhoud aan hom toegesê. Dit beteken dat die predikant nie ekstra "lewensversorging" kan eis vir 'n aantal oortyd ure wat hy gewerk het nie. Hiervolgens geld die algemene erkende beginsel van die arbeidsreg nie vir die predikant om vir elke spesifieke diensuur vergoed te word nie.

Die reg tot lewensonderhoud beteken dus nie vergoeding vir dienste gelewer nie, maar dien as 'n traktement (lewensonderhoud) waardeur die predikant in staat gestel word om sy roeping in diens van Christus sonder materiële bekommernis uit te voer.[119]

*Galasiërs 6:6*

In Galasiërs 6:6 word die opdrag tot versorging van 'n predikant soos volg verwoord:

> *Iemand wat onderrig ontvang in die Woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het.*

Die werkwoord *koinoneo* het die verskillende betekenisnuanses van deel: om saam te besit, om te deel in én om deel te neem aan.[120] Dié woord val in dieselfde betekenisveld as die woord *koinonia*, wat die betekenismoontlikhede van assosiasie, gemeenskap, kameraadskap en deelname insluit.[121] Die woorde *koinoneo* en *koinonia* word in die Nuwe Testament hoofsaaklik in die briewe van Paulus gebruik. Paulus gebruik dié woordgroep slegs in 'n religieuse verband en nie in 'n sekulêre konteks nie.[122] So verwys die "regterhand van samewerking" wat Jakobus, Sefas en Johannes aan Paulus en Barnabas gebied het byvoorbeeld op die gemeenskaplike erkenning van hulle "deel wees" aan Christus.[123] Die predikant se "deel hê" aan die "goeie dinge" van die gelowiges in die sin van materiële versorging rus op 'n religieus-etiese vlak en is derhalwe nie die beantwoording van 'n kontrak nie.[124] Enersyds is die verpligting om 'n predikant te versorg 'n Skrifopdrag aan die gemeente.[125] Andersyds kan die predikant nie vir elke aspek van sy dienswerk spesifieke vergoeding verwag nie. Die "intensie van die partye" met betrekking tot die versorging

---

Zondervan Publishing House. 752; BROWN, C. 1986. Poor. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 2. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 752.

117 BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok. 449.

118 BOETTGER, P.C. Recompense. *In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 3. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 142; vgl. 1 Pet. 5:4; ook BOUMA, C. 1964. Het Evangelie naar Johannes. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Vierde druk. Kampen : Kok. 52

119 JANSEN, J. 1952. Korte verklaring van de Kerkorde. Kampen : Kok. 52.

120 SCHATTENMAN, J. 1986. Fellowship.*In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 639.

121 SCHATTENMAN, J. 1986. Fellowship.*In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 639.

122 SCHATTENMAN, J. 1986. Fellowship.*In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 643.

123 Gal. 2:9; SCHATTENMAN, J. 1986. Fellowship.*In* Brown, C. Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. 643.

124 Vgl. GREIJDANUS, S. 1953. Korte Verklaring der Heilige Scgrift. Galaten. Kampen : Kok. 150; GROSHEIDE, F.W. 1932. De Eerste Brief van den Apostel Paulus aan de Kerk te Korinte. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 307.

125 1 Kor. 9:11; vgl. JANSEN, J. 1952. Korte verklaring van de Kerkorde. Kampen : Kok. 51 e.v.

van die predikant word dus by wyse van die Skrifopdrag (1 Korintiërs 9:11 en Galasiërs 6:6) oor die versorging van predikante bepaal en nie deur die arbeidswetgewing nie.[126]

## 9. SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Uit hierdie bydrae blyk dat die "intensie van die partye" – waarna die howe sal vra by 'n beslegting van 'n geskil ten opsigte van die beroeping en/of bevestiging van 'n predikant – nie dié van kontraksluiting volgens die kontraktereg kan wees nie. Die beroeping en bevestiging van 'n predikant berus op godsdiensbeginsels wat deur die kerk self gereël moet word. Hiervoor moet die staatsowerhede en die howe die *sui generis* (eiesoortige reg) van die kerk erken. Maar om die *sui generis* van die kerk te kan erken, moet die kerk homself binne die raamwerk van sy eiesoortige regsbestaan – ten opsigte van sy interne sake – so definieer dat hy homself in sy kerkorde as 'n gemeenskap *sui generis* aanbied.

Die tersaaklike artikel van prof Pieter Coertzen[127] moet in die lig van bostaande beoordeel word. Die toepaslikheid van die arbeidswetgewing wat in die genoemde artikel met betrekking tot die predikantsdiens voorgestel word, is myns insiens aan korreksie onderhewig. Die arbeidswetgewing maak voorsiening vir reëlings tussen werknemers en werkgewers op die terrein van burgerlike werksverhoudinge. Hoewel die kerk, of 'n kerkgemeenskap, ook die reg het om aan die regsverkeer op kerklike vlak deel te neem (byvoorbeeld die koop en verkoop van eiendom, onvangs van erflatings, daarstelling van skole, ensovoorts), behoort die arbeidswetgewing nie op die terrein van die kerk se interne reg te oorskry nie. Hierdie interne reg van die kerk word volgens godsdiensbeginsels op grond van die Woord van God deur die kerk self gereël. Die beroeping en bevestiging van die predikant is geheel en al 'n aangeleentheid wat op godsdiensgronde buite om kontraktuele bepalings hanteer moet word.

**TREFWOORDE**
Intensie van die partye
Roeping
Beroeping
Bevestiging

**KEYWORDS**
Intention of the parties
Calling
Ordination

**Kontakbesonderhede**
Johannes Smit
Fakulteit Teologie
Noordwes-Universiteit
(Potchefstroom-kampus)
2520 POTCHEFSTROOM
E-pos: johannes.smit@telkomsa.net

---

126 JANSEN, J. 1952. Korte verklaring van de Kerkorde. Kampen : Kok. 51 e.v.
127 COERTZEN, P. 1999. Predikante-kontrakte – g'n fout nie. *Die Kerkbode,* 162(12):6.